Spesialiseer met liefde!

Romeine 12:3-8; Efesiërs 4:16; 1 Korintiërs 12,13

Inleiding

- Hoe sal jy voel as jy by 'n dokter instap
  - met 'n ernstige knie probleem wat nou al lank pla en hy sê: “Nee wat, ek moet jou verwys na 'n spesialis”
  - ...en dan gee hy vir jou die nommer van 'n breinchirurg.

- ...Ek sou redelik bekommerd wees!
  - Met gawes in ‘n gemeente werk dit ook so

- In ons reeks oor gawes het ons al ontdek dat:
  - Elke dissipel het gawes
  - dat dit iets is waarin jy deur God se genade 'n bietjie beter in is as die gemiddelde mens langs jou.
  - Daarna die ontdekking wat vir party dalk nie so lekker was nie... jou gawes is nie jou gawes nie...
    - dis bedoel om ander mense te bemagtig
    - en die gemeente te ontwikkel.

- Vandag gee ons eintlik net die volgende logiese tree...
  - fokus dan op jou gawes,
  - speel jou ‘sweetspot’.
  - M.a.w: wees 'n spesialis op jou gebied,
    - moenie aan knieë karring as jy 'n breinchirurg is nie...
    - dit gaan nie werk nie!!!
    - (Ter wille van jouself en die pasiënt!)

- Die Skrifgedeeltes wat help om hierdie waarheid raak te sien is:

    - Rom 12:3-8 – Spesialiseer
    - Ef. 4:16 – Klomp spesialiste saam slaag
    - 1 Korintiërs 12,13 – Spesialiseer met Liefde

Spesialiseer!
Rom. 12:3-8

3Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het. 4Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie. 5Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar. 6Ons het genadegawes wat van mekaar ***verskil*** *volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely. 7As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee. 8As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.*

- Om hierdie gedeelte te begin verstaan het ons nodig om fyn op te let na vers 7 en 8.
    - Hier word nie maar net verskillende gawes gelys om te wys wat daar alles is nie.

- Dit is eintlik hier waar Paulus sy argument in die vorige verse prakties verduidelik:
  - doen net dit wat jou gawes toelaat!
  - Fokus op jou sterkpunte!

- Hy spel dit hier mooi uit en sê as't ware:
  - As jou gawe is om te dien,
    - dien dan en moenie probeer onderrig nie.
  - As jou gawe is om te onderrig,
    - onderrig dan en moenie probeer leiding gee nie.
  - Bly by jou gawes en moenie op ander plekke gaan inmeng nie!
    - Natuurlik as jy meer gawes het
    - is dit nie 'n probleem nie maar bly by jou gawes.

- Hoe kom hy by hierdie punt uit? In vers 3 is dit eintlik al klaar duidelik:

Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.

- Letterlik staan daar:
  - "elkeen moet nugter oor homself dink in terme van die gawes/geloof wat God vir elkeen gegee het"
  - Jy moet gaan sit en dink,
    - en dan moet jy realisties en eerlik wees oor
      - wat die Here vir jou gegee het,
      - ....en nie gegee het nie.

- In maklike woorde dus: Moenie grootkop kry en als probeer doen nie.

    - Doen eerder moeite om nederig te bly oor jouself
    - en fokus net op die gawes wat die Here vir jou gegee het!
    - Jong – ek het al gemorse, frustrasies en konflik gesien as mense by mekaar inmeng.

- Jy sien laasweek se boodskap was basies
    - Party kan ...maar wil nie
    - Hierdie week s'n is op 'n manier: party wil 'n sekere ding... maar kan ongelukkig nie.
    - Gee eerder ekstra aandag om te spesialiseer in wat jy goed kan doen.

- Dis ons eerste punt:
    - Wees eerlik oor jouself en spesialiseer!
    - Volgende:

Klomp spesialiste saam slaag
Ef. 4:16

- Elkeen van ons is daarom 'n spesialis in eie reg.
    - Elkeen het 'n plekkie wat net jy kan volstaan.
    - En die volgende punt is: saam het ons groot krag.
    - Dit is wat ons in Ef. 4:16 hoor.

- *"Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. <u>Elkeen van hulle vervul sy funksie</u>, en so bou die liggaam homself op in liefde."*

- In die ou vertaling is die beeld van 'n liggaam wat deur verskillende ligamente aanmekaar gehou word duideliker.

- *"...die hele liggaam [is] goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate—die groei van die liggaam [word] bevorder [vir] sy eie opbouing in liefde."*
    - (Dit is 'n lang sin in die OAV en ek het aanpassings gemaak dat die snede nog sin maak)

- Eenvoudig gestel:
    - Die hele liggaam van Christus word goed saamgebind
    - deur elke dissipel wat sy werk doen soos wat net hy/sy kan.
    - Elkeen wat met sy spesialis bydrae kom is 'n ligament wat
        - ons net stewiger saambind
        - en groei verder bevorder.

- So om te sê ons is 'n klomp spesialiste beteken ook nie dat elkeen maar besig op sy eie mishoop in sy eie rigting nie
    - "Dit is jou bediening en die res moet nou maar vat wat jy vir hulle opskep nie"
    - – daar is weer gawes wat als moet saambring in harmonie.
        - Soos bv die gawe van leiding
    - Hierdie diversiteit bevorder opbou en groei.

- Op hierdie manier staan ons almal in die bediening.
    - Waardeur die Gees van God die liggaam opbou.

- Tot dusver dan: Ons is almal spesialiste, en saam sal ons slaag. MAAR...

Spesialiseer met liefde
1Kor 12:27-13:13

- Maar ons moet met liefde spesialiseer.
    - m.a.w. om nie jou gawe te gebruik voordat jy weet jy dit op 'n liefdevolle manier gaan kan doen nie.

- 1 Korintiërs 13 verduidelik dit vir ons pas na 1 Kor 12 waar gepraat is oor die gawes.
    - Die stuk word soms by troues gelees maar het ongelukkig onder die son niks uit te waai met huwelike nie
    - Dit gaan oor dissipels se gawes in hulle geloofsfamilie
        - Wat ‘n nul op ‘n kontrak is sonder liefde.

- Sien, die gemeente in Korintiërs het wel verstaan van geestelike gawes wat daar is
    - maar het die gawes begin sien as die groot doel,
        - en nie as gereedskap vir 'n baie groter doel nie.

    - Hulle het net belang gestel in die ‘flashy’ en indrukwekkende gawes
        - soos om in tale te praat
        - of wonders te doen
        - en voor mekaar ‘af te show’ met wie nou eintlik die oulikste en belangrikste is.

- Daarom dat Paulus vir hulle skryf en sê: ‘wag 'n bietjie, stop die bus’.

- Voor julle agter allerhande gawes aanhardloop en klomp goeters doen:
- as julle dit nie in liefde kan doen nie
  - moet julle dit eerder los!
- Sonder liefde is ons aktiwiteit soos leë blikke wat teen mekaar kap.
- Mense wat met Trinitas te doen kry sal wegstap en sê:
  - Iets gaan dalk daar aan maar dit maak net een vet geraas.
  - Dit is hol en leeg.

- Die doel is nooit net gawes, of programme of jaarbeplannings nie.
  - Die groot doel van Trinitas en ons gawes
    - is om God se liefde in Jesus vir mekaar en die wêreld daardeur te wys.

- VB: Jou gawes is soos 'n bad sponsie.
  - 'n droë spons beteken niks nie.
    - Dit gaan jou vel grof skuur en seermaak
    - Dit gaan ook niks vuil kan wegspoel nie
  - Maar water in die spons maak die verskil:
    - Nou sal jou vel nie so swaar kry nie
    - Nou kan die vuil ook weggespoel word.

  - Dis eintlik die water wat die werk doen,
    - die spons dra net die water.

- Op 'n manier is dit dieselfde tussen jou gawes en liefde.
  - Jou gawes is die spons, en liefde is die water.
  - Dis eintlik die liefde wat die regte werk doen.

    - Ons moet verseker met ons gawes 'n klomp dinge doen, diensgroepe, jaarbeplanning, vol programme en nog wat,
        - Maar gawes moet als deurdrenk en sopnat wees van liefde,
        - Anders gaan hulle ook net skuur en seermaak
        - Hulle gaan ook nie die vuil kan wegspoel nie.

- Dit help dus nie net jy spesialiseer in jou gawes nie.
    - En forseer jouself 'beter-weterig' op ander nie
    - Jy moet ook spesialiseer met liefde.
    - 'n Ding kan eerder minder perfek wees en vol liefde, as blink uit die boonste rakke – maar almal om jou het seer.

NAGMAAL

- Met nagmaal sien ons God in liefde spesialiseer.
    - Hy kom aarde toe om verkeerde en stukkende dinge reg te maak met sy dood en opstanding...
    - maar Hy doen dit deurdrenk met liefde.
    - Sy volmaakte heiligheid eis betaling,
        - Hy kon vernietig as Hy wou...
    - Maar in sy liefde kom was Hy eerder skoon.
- ... en dít bring lewe vir my...
    - en ook vir die mense om my.

Slot

- Ons kan als wat ons die afgelope drie weke geleer het só opsom:

    - *Elkeen* het 'n gawe waarin jy deur die Here se genade beter is as ander
    - Jou gawes is *nie eintlik jou gawes nie* maar bedoel vir die mense om jou
    - Niemand kan alles doen nie, jy is gemaak om te spesialiseer.
    - Met die voorwaardes voordat dit sal werk
        - Van 'n Dienshart soos 'n kelner
        - Deurdrenk met liefde vir ander.

- Jou gawes is die bo-natuurlike gereedskap
    - waarmee God Almagtig met sy Gees werk.
- So gebruik Hy gewone mense soos ons wat die evangelie vertrou
    - Om ander mense wat Hom soek
        - te help om Hom te vind
        - en dan te laat groei tot eer van sy groot Naam.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
30 Augustus 2015
Nagmaal